


E.G. RAVENSTEIN. *The voyages of Diogo Cao and Bartholomeu Dias 1482-88.* (Voorwoord deur M.A. Botha). Faksimilee-herdruk no. 97 uit *The Geographical Journal* 16(6), Desember 1900, deur die Staatsbiblioteek: Pretoria, 1986. 26 pp. Geïll. R6,25 (eksklusief). ISBN 0 7989 1330 4.

Ofskoon die outeur in Duitsland gebore is, het hy hom later in Engeland gaan vestig waar hy in 1882 professor in Geografie aan Bedford College geword het. Hy het 'n aantal publikasies oor die Portugese ontdekkers die lig laat sien, onder meer *Vasco da Gama's first voyage* (1895).

Ravenstein se beskrywing van Cao en Dias se reise was oorspronklik 'n referaat wat hy in 1897 voor 'n vergadering van die British Association in Toronto, Kanada, gelewer het. Dit is drie jaar later gepubliseer in *The Geographical Journal* (in die voorwoord tot die herdruk verkeerdelik die *Geographical Magazine* genoem).

In die genoemde voorwoord wys M.A. Botha tereg daarop dat hierdie reisbeskrywings van besondere belang is met die oog op die herdenking van die Dias-fees in 1988. Hy lê ook klem op navorsing deur Suid-Afrikaners oor die Portugese ontdekkingstogte ná die verskyning van Ravenstein se artikel en sonder die naam van prof. Eric Axelson uit. Iedereen wat bekend is met W.J. de Kock se uiters leesbare en deeglike werk *Portugese ontdekkers om die Kaap* (Kaapstad, 1957), sal dit vreemd vind dat hy nie eens vermeld word nie.

Interessant is die outeur se beskrywing van die *padraos* of klipkruise wat deur die Portugese ontdekkers opgerig is (pp. 6, 10 en 18), terwyl sy beredenering van die vertrek- en aankomsdatums van Cao en Dias (pp. 11 en 16) logies en aanvaarbaar is.

In sy oorsigtelike referaat het Ravenstein nie juis met nuwe inligting vorendag gekom nie, maar veel eerder die bestaande kennis aangaande die reise van Cao en Dias in 'n logiese en maklik verstaanbare vorm gegiet. Ravenstein wys op die gebrek aan bronne oor die reise en bespreek dié wat wel beskikbaar is. Van die belangrikste bronne by die studie van hierdie ontdekkingstogte was, en is, ongetwyfeld die kaarte wat in 1489 en 1502 geteken is en waarvan oortekeninge in *The Geographical Journal* in 1900 gepubliseer en ook in die onlangse herdruk opgeneem is. Hierdie kaarte verhoog beslis die waarde van die publikasie, terwyl die sketse van die *padraos* en wapenskilde die teks goed aanvul.

Ravenstein se referaat is keurig uitgegee in 'n hardeband en word, ondanks die oorsigtelike aard daarvan en die skraal voorwoord, as leesstof aanbeveel vir diegene wat iets meer aangaande Dias se epiese ontdekkingstog te wete wil kom.

*O.J.O. FERREIRA*
*Universiteit van Pretoria*